**Solidariteit Helpende Hand Reddingsdaadkongres 2009**

**Voorgestelde Reddingsdaadverklaring 2009**

## Agtergrond

Die Solidariteit Helpende Hand Reddingsdaadkongres van 2009 roep in herinnering die Eerste Ekonomiese Volkskongres, wat later bekend gestaan het as die Reddingsdaadkongres, van 1939.

Die Reddingsdaadkongres was die geboorte van die tweede keer wat die Afrikaner opgestaan het binne een eeu. Die eerste keer was ná die vernietigende Anglo-Boereoorlog.

Twee keer vantevore het die Afrikaner met 'n innerlike kulturele krag onder onsimpatieke regerings daarin geslaag om die greep van 'n vernietigende armoedesirkel te breek.

Die Reddingsdaadkongres van 1939 het die fokus verskuif vanaf 'n verwagting dat die owerheid op nasionale vlak moes ingryp om te red, na 'n rasionele, doelgerigte selfbemagtigingsprogram gefokus op die vestiging van eie besighede waardeur ekonomiese doelwitte verwesenlik kon word.

Die opstaanfase het direk ná die Anglo-Boereoorlog oorlog begin met die stigting van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie. In 1915 is die Helpmekaarfonds gestig, 'n Afrikaanse koerant – die Burger – is begin, en die Armblankevrbond, wat gehelp het met werkplasing, is in 1917 geloods. Daarna is die Eerste Volksbond ('n handels- en spaarbank), Santam en Sanlam gestig. Uniewinkels is gestig in die gees van die destydse 'koop Afrikaans'-veldtog.

Die Reddingsdaadbond, Federale Volksbeleggings en die Afrikaanse Handelsinstituut was alles instellings waardeur die Afrikaner op eie krag opgekom het. Nie reuse bemagtigingsprojekte en regstellende aksie deur die staat nie, maar eie inisiatiewe wat met klein bydraes van arm Afrikaners opgerig is.

Ook op kultuurgebied het die Afrikaner ná die vernietigende oorlog opgestaan. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, die Afrikaner Broederbond, die FAK, die ATKV, en die Rapportryers is almal gestig. Afrikaans is in 1925 as amptelike taal van die Unie erken en die eerste Afrikaanse Bybel is in 1933 bekendgestel. Eie, CNO-skole is begin en uit die sakke van arm Afrikaners is universiteite soos die PU vir CHO, die Universiteit van Pretoria en die Universiteit van Stellenbosch opgerig.

Dit is hierdie selfhelpidees wat die Solidariteit Helpende Hand Reddingdaadkongres 2009 weer herdenk. Die idees sluit in die Christelike idee van roeping, selfstandigheid, verantwoordelikheid en werk.

Hierdie kongres kyk weer nuut na die idees waaruit die Afrikaner voorheen opgestaan het. Hierdie idees is waarskynlik vandag nog meer relevant.

Die soeke na oplossings vir armoede onder Afrikaners van vandag kan egter nie in isolasie plaasvind nie. Oplossings wat tydens hierdie kongres ontwikkel is, moet ook tot beskikking wees van alle Afrikaanssprekendes en ander gemeenskappe. Nouer samewerking tussen alle gemeenskappe is ook nodig om die Suid-Afrikaanse armoede probleem op te los.

In die mate waarin gemeenskappe uit die fokus van die regering se hulpprogramme uitgesluit word, moet hulle self verantwoordelikheid neem.

Met die Christelike idee van roeping, selfstandigheid, verantwoordelik, werk en waardegedrewenheid in gedagte het die kongres die volgende Reddingsdaad-doenplan ontwikkel.

## Reddingsdaad-doenplan 2009

### Ekonomiese oplossings

- Loods 'n omvattende navorsingsprojek oor die ekonomiese posisie van die Afrikaner en die Afrikaanse gemeenskap.
- Vestig 'n instituut vir die ondersteuning en projekontwikkeling van Afrikaanse entrepreneurs en klein sake wat ook as drukgroep kan dien in die behartiging van hulle belange.
- Vestig 'n multimiljoenrand Reddingsdaad- privaatekwiteitsfonds.
- Ondersoek 'n omvattende plan en rol so 'n plan uit om Afrikaanse kapitaal te mobiliseer.
- Ondersoek verskillende ondernemingsvorme vir bemagtiging byvoorbeeld, die kibboetsstelsel en koöperatiewe modelle.

### Onderwys en opleiding

- Ondersoek die moontlikheid van 'n sentrale buro om huidige Afrikaanse privaat- en openbare skole te ondersteun.
- Bou aan 'n multimiljoenrand Afrikaanse beursplatform en moedig die kerklike gemeenskap aan om die platform aktief te ondersteun.
- Loods 'n Afrikaanse beroepsleidingsinstituut om jongmense in staat te stel om in die regte rigtings te studeer.
- Bou die huidige Afrikaanse tegniese kollege, Sol-Tech, uit om meer ambagte aan te bied.
- Loods 'n nuwe Afrikaanse afstandsonderrig-akademie.

- Ondersteun bestaande Christelik-Afrikaanse onderwyserskolleges.
- Ondersoek die moontlikheid van ŉ netwerk van Afrikaanse kleuterskole en nasorgsentrums.
- Ondersoek die moontlikheid van ŉ privaat Afrikaanse universiteit.
- Plaas druk op die regering vir ŉ onderwysskikking oor Afrikaanse onderwys op alle onderwysvlakke.

**Gemeenskapsoplossings**

- Doen navorsing oor en ondersoek ontwikkelingsmodelle vir hulp in plaaslike gemeenskappe, vestig ŉ netwerk van beskikbare hulpdienste en motiveer gemeenskappe om verantwoordelikheid vir armoedeverligting te aanvaar.
- Ontwikkel ŉ program om arm jongmense in staat te stel om struikelblokke te oorkom, sodat hulle verder kan studeer.
- Ondersoek ontwikkelingsmodelle vir die vestiging van selfstandige plaaslike gemeenskappe.
- Solidariteit Helpende Hand moet inisiatief neem met die daarstelling van ŉ netwerk van Christelik-Afrikaanse gemeenskapswerkers om binne gemeenskappe aan opleiding en werkskepping aandag te gee.
- Solidariteit Helpende Hand moet inisiatief neem met die vestiging of uitbouing van bestaande ondersteuningstrukture in gemeenskappe waardeur hulp aan sodanige gemeenskappe gegee en gefasiliteer kan word.
- Vestig strukture, waar leemtes bestaan, in gemeenskappe waardeur hulp aan gemeenskappe gegee en gefasiliteer kan word.
- Die kongres versoek vroue-organisasies en kerke om soortgelyke kongresse te hou ten einde die probleem vanuit hulle onderskeie hoeke ook te belig en oplossings te genereer.
- Bou die skakeling met mense in die buiteland uit, sodat hulle betrokke kan raak by die armoedeprobleem. Brei ook AfriForum se Kom Huistoe-veldtog uit om nog meer kundigheid na Suid-Afrika terug te bring.
- Bou ŉ koördinerende netwerk van informele nedersettings uit met die oog daarop om die lewensgehalte van die inwoners te verbeter.
- Tree in gesprek met die regering om ŉ oplossing te kry vir die behuisingsnood in die informele nedersettings.
- Verbreed meganismes om armes te help om toegang te kry tot alle maatskaplike dienste.

**Kulturele oplossings**

- Ondersoek die moontlikheid van ŉ Afrikaanse ontwikkelingkomitee wat ontwikkelingsmodelle tussen die verskillende Afrikaanse gemeenskappe kan uitruil.
- Vestig ŉ multimiljoenrand regsfonds wat kulturele en burgerregte beskerm en uitbou.

- Vestig ŉ navorsingsinstituut of -institute om ŉ na-94 gemeenskaplike ideeraamwerk en droom te ontwikkel.
- Finansier minstens tien doktorale studies om verskeie aspekte, soos deur die kongres geïdentifiseer, in diepte te ondersoek.
- Loods ŉ Reddingsdaad Uitgewery wat publikasies sal uitgee om kwessies, soos deur hierdie kongres uitgelig, verder toe te lig.
- Die kongres erken die belangrikheid van elke organisasie se spesifieke rol en doen ŉ beroep op elkeen om dit doeltreffend te vervul.
- Die kongres doen ŉ beroep op organisasies om mekaar te ondersteun met hulle onderskeie aksies.
- Ondersteun die versterking van ŉ informele netwerk van organisasies om te werk aan die daarstelling van ŉ gemeenskaplike toekomsvisie, ten einde onder andere selfrespek in ons gemeenskap te bevorder, kulturele armoede aan te pak en in interaksie met die regering te tree.

Hierdie kongres gaan voortgesit word met die hulp van ŉ e-posnetwerk, ŉ Reddingsdaad-webbladsy, asook verdere kongresse. Daar sal deurlopend oor vordering aan kongresgangers verslag gedoen word.